# Die invloed van meta-teorieë op basisteorieë in die beoefening van die Praktiese Teologie

**H P van den Berg & T F J Dreyer**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**Meta-theories, base-theories and theories of practice in Pratical Theology**
*The problem of meta-theories and base-theories, their interaction and the influence of each on the scientific process, have widely been debated in practical theology. In South Africa two meta-theories namely the system-theory together with the theory that social science is busy with the study of actions, are having the greater deal of attention. The purpose of this article is to point out the fact that an early and absolute choice of particular meta-theories, restricts the work of practical theology because it will influence your base-theories, and can weaken the theological content of practical theology. An attempt is made to offer a model by which the interaction between, meta-theories, base-theories and theories of practice can be understood and which can also help the theologian, busy with practical theology, to steer clear of problems and understand the meta-influences in his own scientific work.*

## 1. INLEIDING

Die vraagstuk rondom basisteorieë en metateorieë is vir die Praktiese Teologie van groot belang. Enersyds omdat die debat rondom die staanplek van die Praktiese Teologie in die teologiese wetenskap, steeds aan die gang is, en andersyds omdat die Praktiese Teologie so nou saamwerk met ander wetenskaplike dissiplines dat die vak se eie identiteit maklik in die slag kan bly of dat dit geïsoleer kan word. Barnard (1981:32) praat selfs van 'n tweesydige gevaar vir die Praktiese Teologie, naamlik dat dit enersyds net as 'n praktiese handleiding by die vorming van teologiese studente gesien kan word of andersyds dat dit 'n soort '**omnibus**-vak' kan word. Die doel van

* Ingedien en aanvaar as deel van die vereistes vir die M Div-graad (1993), Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr T F J Dreyer.

hierdie artikel is nie soseer om krities te wees oor een of ander stel meta- of basisteorieë nie, maar eerder om 'n weg te soek uit die probleem dat teorieë te maklik opgestel word sonder om 'n duidelike teologiese inhoud daaraan te gee en sodoende die praktiese teologie sy teologiese karakter te laat verloor. Die hipotese van hierdie ondersoek is dat metateorieë wat ongekwalifiseerd aanvaar word, daartoe kan lei dat die teologiese karakter van Praktiese Teologie verlore kan gaan. Louw wys daarop dat dit al Karl Barth se vrees was dat die Praktiese Teologie sal opgaan in praktiese sake en dat dit nie meer teologies georiënteer sal wees nie. Hierdie gevaar is juis vandag groter as gevolg van 'die poging tot sekularisering en solidarisering van die Teologie (Louw 1981:9).

Vir die doeleindes van hierdie artikel word eksemplaries te werk gegaan deur te fokus op daardie meta-teoretiese invalshoek wat redelik wyd in die Praktiese Teologie in Suid Afrika steun geniet, naamlik dat dit 'n kommunikatiewe handelingswetenskap is wat empiries ondersoeke moet doen (Heyns & Pieterse 1990:7; Burger 1990:2; Pieterse 1991a:136). Die bedoeling is om krities te kyk na die invloed van dié meta-teoretiese keuse op die basisteorieë in die Praktiese Teologie, asook na die konsekwensies daarvan vir die praktyk en praktykteorie.

Die artikel val in die volgende gedeeltes uiteen: daar word eerstens gekyk na meta-teorieë, die aard daarvan en hulle plek in die wetenskaplike proses, dan na paradigmas en veral die ooreenkomste tussen dié begrip en die begrip meta-teorie en vervolgens word basisteorieë en hulle plek in die wetenskaplike proses bekyk. Daarna volg praktykteorieë en hulle plek in die wetenskaplike proses. In die volgende gedeelte kom die epistemologie en die invloed wat die wetenskaplike se paradigmatiese ingesteldheid op die kenteorie uitoefen, aan die beurt. Omdat die teologie 'n wetenskap *sui generis* is, word gekyk na 'n definisie van teologie asook na 'n definisie van die Praktiese Teologie, omdat dit juis die teologiese karakter van die Praktiese Teologie is wat volgens die hipotese in die gedrang kom. Ter afsluiting kyk ons na metodologiese modelle en die belangrikheid daarvan vir die wetenskaplike proses. Die gevolgtrekking word dan ook in die vorm van 'n model aangebied.

Die hele debat rondom die teorie-praxis vraagstuk veroorsaak dat 'n gesprek oor teorieë baie diverse standpunte en uitsprake na vore bring. Dreyer (1991:607) korrigeer Zerfass se model vir die ordening van die verkeer tussen praktyk en teorie. Hy maak in die term 'teorie' onderskeid tussen teologiese oorlewering en die Skrif. Die Woord van God word dan die toetssteen om die voorlopige praktykteorie wat gevorm word deur die wisselwerking tussen die teorie (bestaande teologiese teorieë) en die praktyk(situasie), te beoordeel en so 'n nuwe praktykteorie en praktyk te legitimeer. Indien daar nie in die teorie op die een of ander wyse onderskei word tussen teologiese

oorlewering en die Skrif nie, kan teorie uiteindelik ook los van die Skrif begin staan. 'In die model wat van Zerfass oorgeneem word, funksioneer die Skrif op dieselfde vlak as teologiese oorlewering en is dit blootgestel en/of uitgelewer aan die inspraak van die resultate van die empiriese analise' (Dreyer 1991:606).

Die vraag is egter watter ander sake ook op meta-vlak 'n invloed uitoefen op die verkeer tussen die Skrif en teorie enersyds, of die wêreld en die praktyk andersyds. Thomas Kuhn het die invloede wat op meta-vlak op wetenskaplike arbeid inspeel, aangetoon. Daar is baie kritiek gelewer teen Kuhn, veral omdat die term paradigma dikwels verskeie betekenismoontlikhede gehad het (Mouton 1987:66). Dat hy egter met sy aanvanklike werk en veral sy latere werke die oog geopen het vir hierdie meta-invloede wat daar op die wetenskaplike en sy arbeid inspeel, kan niemand ontken nie. 'In kort kom dit daarop neer dat die wetenskap nie bloot rasioneel en objektief is nie maar altyd aan bepaalde teoretiese uitgangspunte geken word' (Buitendag 1990:691).

## 2. METATEORIEë.

Pieterse kies op die spoor van Firet die handelingskarakter (in Heyns & Pieterse 1990:42) asook die kommunikatiewe karakter (Pieterse 1992:25) as die meta-teoretiese koppeling van die Praktiese Teologie (vgl Pieterse 1992:17-26; 1991b:38-51). Firet (1987:260) definieer die Praktiese Teologie as 'n kommunikatiewe handelingswetenskap in diens van die evangelie. Pieterse se eie definisie 'Ons omskryf die Praktiese Teologie as die teologiese teorie omtrent kommunikatiewe handelingsisteme wat die koms van God in sy Woord tot die mens in sy wêreld intermediërend dien' (in Heyns & Pieterse 1990:54), gee duidelik te kenne dat daar reeds 'n keuse gemaak is vir die meta-teoretiese koppeling van die Praktiese Teologie met ander handelingswetenskappe. 'Metateorie is die teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat ons met ander vakke as 't ware universeel deel' (in Heyns & Pieterse 1990:53)

Wanneer die keuse gemaak word vir die tweeledige koppeling met die sisteemteorie en die handelingsteorie (in Heyns & Pieterse 1990:52), poneer Pieterse die term 'kommunikatiewe handelingsisteem' (in Heyns & Pieterse 1990:52). Hierdie keuse en terminologie dra twee voetangels met hulle saam. Eerstens pretendeer dit dat die Praktiese Teologie resloos as die bestudering van kommunikatiewe handelinge beskryf kan word en andersyds skep dit 'n vertrekpunt wat ander moontlikhede uitsluit.

Dit is te verstane dat dit uiteindelik die gekose weg is wanneer die empiriese metodologie in die Praktiese Teologie as die enigste gelegitimeer word en daar gemeen word 'dat daar aangesluit moet word by die meer empiriese benadering soos wat dit gevind word in die werk van Firet, Zerfass en Van der Ven' (Burger 1990:20). Dit het die gevolg dat die Praktiese Teologie alleen dit wat empiries ondersoek kan word, as

studieveld het. Daarmee word 'n groot deel van die werklikheid en dus ook van die kerk en teologie uitgesluit. So 'n keuse kan heel gou tot empirisme lei en die Praktiese Teologie verander tot 'n wetenskap sonder 'n eie identiteit. Alles wat volgens Firet binne die studieterrein van die Praktiese Teologie val wanneer hy sê dat hy dit wyer sien as net 'kerklijk funktioneren', dus ook dit buite die kerk waardeur God na die mense kom (Firet 1974:7), kan tog nie empiries gekwantifiseer word nie. Die eis dat slegs dit wat empiries bevra en beskryf kan word (positivisme) ware teologie is, is ook reeds 'n uitgediende wetenskapsidee.

> Die waarheidsvraag, en daarmee ook die vraag na die wetenskaplike gehalte van die teologiese proses van nadenke, staan of val myns insiens geensins met die een of ander (positivisties gestruktureerde) verifikasie proses nie, maar in die eerste plek met die vraag na die wyse waarop teologiese uitsprake tot stand kom.
>
> (Van Huyssteen 1986:35)

Ook Kuhn meen dat die wetenskapsbeskouing van die positivisme verkeerd is (Mouton 1987:58). Soos Dreyer (1191:607) se model duidelik uitwys, is daar buiten die situasie wat deur empiriese analise bestudeer kan word, sowel die teologiese oorlewering en die Woord van God wat in die werk van die Praktiese Teologie verdiskonteer moet word.

Met bogenoemde word daar nie ontken dat empiriese ondersoeke wel waarde vir die vak het nie — alles behalwe. Daar word gewys op die gevolge van so 'n vroeë en onkritiese keuse van 'n meta-teorie. Die byna aprioriese keuse van 'n meta-teorie kan baie beperkend inwerk op die wetenskaplike werk van die praktiese teoloog. Veral indien die Skrif nie as 'n kritiese instrument in die wetenskaplike proses verdiskonteer word nie. Pieterse sê dat by die formulering van praktykteorieë die perspektief van die metateorieë waarby hy aansluit, 'n besliste rol speel: 'Dit bepaal die perspektief op die gegewens' (Heyns & Pieterse 1990:129). Volgens Kuhn is die navorser wat verbind is aan 'n sekere paradigma, se keuse van bepaalde konsepte paradigmaties bepaal (Mouton 1987:68), met ander woorde ook die keuse van 'n meta-teorie word vanuit 'n sekere werklikheidsbeskouing gemaak. As dit waar is, beteken dit ook dat hierdie meta-teoretiese standpuntinname bepalend sal wees in die samestelling van die uiteindelike basisteorie(ë), wat op hulle beurt weer hulle stempel op die praktykteorieë afdruk. Die herstelde praxis wat uit hierdie wetenskaplike arbeid na vore kom, is 'n relasioneel bepaalde praxis. Dit is noodsaaklik dat reeds by die keuse van 'n meta-teoretiese koppeling, die eie aard van die Praktiese Teologie as 'n teologiese wetenskap sal meespeel. Die Skrif sal hier as die normatiewe aan die orde moet kom, sodat die eie aard van die teologie en by name die Praktiese Teologie ook in hierdie meta-teoretiese keuse normatiewe waarde kan hê. So kan die praktiese teoloog waak teen 'n meta-teoretiese

koppeling wat uiteindelik aan die Praktiese Teologie dikteer, en wat mettergaan kan ontwikkel tot 'n 'wetenskap' waarin slegs die induktiewe metode nodig is en resultate voortbring. Die Prakties Teologie sou dan sy eie aard verloor. Die eie aard van die Praktiese Teologie, as 'n teologiese wetenskap, vereis dat die normatief-deduktiewe as 'n onlosmaaklike deel daarvan sal funksioneer.

Geen praktyk het ooit, of sal ooit, in isolasie ontstaan nie. Daarom sal daar altyd, bewustelik of onbewustelik, meta-teoretiese koppelings met een of meer ander wetenskappe bestaan. Hierdie meta-teoretiese verbande is egter nie staties nie en is ook nie noodwendig enkelvoudig nie.

## 3. PARADIGMAS

In aansluiting by Dreyer (1991:597-608) is dit duidelik dat teologiese oorlewering en die praktyk (situasie) meer onvas is as wat met die eerste oogopslag blyk. In die bepaling van 'n eie metodologiese model sal hierdie twee pole ietwat duideliker omskryf moet word. Nie een van hierdie twee pole in die wetenskaplike proses is sonder 'n geskiedenis en 'n eie aard in elke wetenskaplike se arbeid nie. So enkelvoudig soos by Dreyer, wat die normatiewe waarde van die Woord — soos betuig in die Skrif- as die finale toets van die nuwe praxis aanlê, is dit egter ook nie. 'n Vraag wat onwillekeurig na vore dwing, is dié na die objektiwiteit van die norme wat elkeen uit die Skrif aflees, asook die vraag na die invloed wat die konfessionele raamwerk en die dampkring waarbinne 'n teoloog werk, op dit wat die Skrif uiteindelik sê en die norme wat daaruit afgelei word, uitoefen.

Die wetenskaplike is relasioneel by die wetenskap, ook die teologie betrokke. 'Dit wil zeggen dat waarheid zich steeds binnen een relatie, binnen de betrokkenheid van die mens op iets anders, aftekent' (Gereformeerde Kerken in Nederland [GKN] 1981:13). Waarheid is nie net subjektief of objektief bepaald nie, maar 'er is sprake van een relatie tussen subject en object, sterker nog: een wisselwerking waardoor beide sich eigenlijk pas goed gaan aftekenen'(*GKN* 1881:14). Daarom is dit logies dat die Woord van God nie 'n absolute norm kan wees nie. 'Die waarheid van die Skrif kan alleen geken word in die geloof, binne die raamwerk van die verhouding met Jesus Christus die opgestane Heer' (Geyser 1985:121). 'n Absolute norm verkry uit die Skrif, is alleen moontlik deur middel van 'n fundamentalistiese verstaan van die Skrif. Maar ook hierdie 'fundamentalisme' is reeds nie meer dieselfde as 1500 of selfs 50 jaar gelede nie. Almal wat fundamentalisties met die Skrif omgaan, het ook nie noodwendig dieselfde standpunte nie. Die fundamentalis sal ook net kan sê dat sy siening vanuit die Skrif die objektiewe is, terwyl hy/sy in 'n sekere tyd en situasie leef. Indien dit nie so was nie sou alle fundamentaliste van alle tye een honderd persent met mekaar

saamgestem het. Die fundamentalis se opvolgers sal in 'n nuwe situasie, vanuit dieselfde denkraam, anders oordeel en 'n nuwe '*objektiewe waarheid en norm*' uit die Skrif aflei. Indien die onstaansgeskiedenis asook die verstaansgeskiedenis van die Skrif in ag geneem word, kan die teoloog hoogstens 'n relasionele uitspraak maak wanneer die Skrif, en die norme daaruit afgelei, in die Praktiese Teologie ter sprake kom.

'n Sekere paradigma lê ten grondslag van elke wetenskaplike se arbeid. 'Normale wetenskapsbeoefening kan dus gedefinieer word as die uitvoer van wetenskaplike navorsing binne en vanuit 'n dominante paradigma' (Mouton 1987:59). 'n Paradigma is 'n navorsingstradisie 'wat geïdentifiseer en geanaliseer word' (Rossouw 1990:44) en is as sulks aanduibaar. Dikwels is juis hulle wat meen dat hulle hierdie paradigmatiese staanplek vryspring, dié wat nie besef hoe vasgevang hulle in 'n sekere paradigma is nie. Dit gebeur omdat die paradigma dikwels die gevolg is van bepaalde uitgangspunte wat 'nie meer deur 'n spesifieke groep bevraagteken word nie' (Buitendag 1990:691). Die aanspraak op objektiwiteit is dikwels die gevolg van 'n onkritiese ingesteldheid teenoor jou eie paradigmatiese matriks. Belangrik is die gevolgtrekking 'wetend-onwetend is die wetenskaplike dan tot so 'n model verbind' (Buitendag 1990: 691).

Om die saak verder te problematiseer is Buitendag se waarneming dat daar ook agter hierdie meta-vlak van paradigmas, groter en dikwels verskuilde paradigmas (moedermatriks) ten grondslag kan lê, baie insiggewend (Buitendag 1990:707). Paradigmas is dus gestratifiseerd soos die lae van 'n ui. Kom ons noem hierdie paradigmas agter paradigmas vir die doel van hierdie werkstuk 'meta-paradigmas'. Dit beteken dat die metavlak, maar ook die rede waarom ons op 'n sekere manier by 'n sekere metavlak aansluiting vind, konstituerend is vir ons wetenskaplike metodologie en ook vir die antwoorde wat ons wetenskaplike arbeid sal oplewer.

Die bevrydende is juis om jou paradigma te ken, dit dan te aanvaar of aan te pas en dan jou wetenskaplike resultate ook te evalueer aan die hand van hierdie paradigma. Dan is alle wetenskaplike resultate voorlopig, alle kennis relasioneel, en die norm wat ons dan aanlê een van vele. Jou paradigma beperk ook die antwoorde wat jy met jou wetenskaplike arbeid kan bereik (Buitendag 1990:691). 'n Positiewe uitvloeisel wanneer daar kennis geneem word van die invloed wat paradigmas en meta-paradigmas op die wetenskaplike en sy arbeid uitoefen, is dat dit wetenskaplike interaksie, diskussie en wedersydse verstaan moontlik maak. Wetenskaplike resultate word nou nie meer vanuit my eie raamwerk alleen beoordeel nie, maar die verstaan van ander se wetenskaplike resultate word byna 'n hermeneutiese proses waardeur resultate binne 'n sekere konteks verstaan word.

Dit is egter nie net die teorie wat paradigmaties gekleur word nie, maar ook die praktyk is meta-teoreties getint. Hierdie begrippe is in 'n sekere sin sinoniem. Meta-teorieë is dit wat die Praktiese Teologie met ander wetenskappe gemeen het, soos reeds aangetoon, en dit vorm 'n paradigma van waaruit en waarin die praktiese teoloog dink.

Insgelyks speel die teologiese dampkring waarbinne die praktiese teoloog hom/haar konfessioneel en histories bevind, ook 'n paradigmatiese rol in sy/haar teorievorming. Ook sosiale, kulturele, ekonomiese en ander modaliteite speel op die meta-vlak 'n rol. 'n Voorbeeld hiervan sou die hele diskussie rondom die vrou in die amp wees. Die plek wat die vrou in die eerste helfte van hierdie eeu in Suid-Afrika ingeneem het, het vanuit die paradigmavlak 'n invloed uitgeoefen op die teoretiese besinning oor die amp. Om dus 'n basisteorie te hê waarin die man alleen as ampsdraer kon optree, was in pas met die paradigma van die tyd. Die paradigmaverskuiwing waarin die vrou in die samelewing stemreg verkry het en geëmansipeerd geraak het, het dermate 'n invloed op die basisteoretiese denke van die kerke uitgeoefen dat die vrou in die amp 'n vanselfsprekendheid geword het. 'In hierdie paradigmaverskuiwing speel die situasie telkens 'n integrale rol' (Buitendag 1990:707).

Dit is moeilik om te bepaal watter deel van hierdie proses, naamlik die teoretiese of paradigmatiese, altyd die leidende rol gespeel het. Tog is dit duidelik dat die twee groothede in wisselwerking met mekaar was en het dit sekere resultaat tot gevolg gehad.

Al hierdie faktore maak die model van Zerfass ontoereikend, wanneer die invloed wat meta-teorieë op die vorming van basisteorieë en andersom uitoefen, beskryf moet word. Om die oeroue vraag na wat eerste was, hier te probeer beantwoord in terme van teorie of paradigma, meta-teorie of basisteorie, meta-teorie of praktyk of paradigma en praktyk, is 'n futiele poging. Eerder is die wisselwerking en die bewustelike betrokke wees by hierdie wisselwerking vir die praktiese teoloog van belang. Deur bewustelik hierdie interaksie te verdiskonteer en sover moontlik te beheer en te kontroleer, kan die praktiese teoloog die wetenskaplike kwaliteit van sy\haar arbeid verhoog en sy\haar gesprek met ander praktiese teoloë vergemaklik en meer sinvol laat verloop.

In die Nederduitsch Hervormde kerk is hierdie proses nog in sy kinderskoene en is die bewus wees van 'n eie paradigma en meta-teoretiese koppeling met ander wetenskappe 'n saak wat moeilik onder woorde gebring word. Ons kan egter hierdie uitdaging nie by ons laat verbygaan nie. Die bewustheid van basisteorieë en praktykteorieë onderliggend aan die wetenskaplike arbeid, en wat dikwels nie suiwer vanuit die Skrif afgelei is nie, is in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nog 'n nuutjie. Wanneer die besef egter deurdring dat hierdie teorieë ook in ons geval paradigmaties mede bepaald is, bestaan daar 'n behoefte om hierdie proses te kan verstaan en indien moontlik te beheer.

## 4. BASISTEORIE

Volgens Heyns is 'n basisteorie ''n vakgerigte teorie wat binne 'n spesifieke vak ontwikkel word vir die doeleindes van die vak' (in Heyns & Pieterse 1990:53). 'n Basisteorie in die geval van die Praktiese Teologie is daardie teorie waarmee die teologiese verstaan van 'n sekere aspek van die vak, byvoorbeeld die prediking, verwoord word. Hierdie basisteoretiese vertrekpunt het 'n invloed op die praktykteorieë en vind ook neerslag in die praktyk.

Basisteorieë speel nie net 'n rol by die wetenskaplike wat die Praktiese Teologie met behulp daarvan beoefen nie, maar is ook aanwesig by al die partye wat betrokke is in die proses en dit sluit kommunikatiewe geloofshandelinge wat deur die Praktiese Teologie bestudeer word in.

Wanneer Pieterse kies vir die dialogiese kommunikasieteorie as basis van die kommunikatiewe handelinge, lê die eie aard van die teorie volgens hom slegs in die feit dat ons dit dan vanuit 'n eie perspektief, naamlik 'n prakties-teologiese perspektief doen (Heyns & Pieterse 1990:53). Dit is juis hier waar dit duidelik word dat die Praktiese Teologie uitgelewer kan word aan ander wetenskappe. Indien die eie aard van die Praktiese Teologie slegs geleë is in die perspektief van waaruit dit gedoen word, gaan die Praktiese Teologie mank aan 'n eie wetenskaplike metode en word dit uitgelewer aan ander wetenskappe en wetenskaplike metodes, teorieë, en modelle. Die gevaar is baie reëel dat die Praktiese Teologie weer eens in die vaarwater beland waar die wetenskaplikheid van die Praktiese Teologie as 'n selfstandige wetenskap bevraagteken gaan word.

Hendriks spel die eie aard van 'n prakties teologiese basisteorie duidelik uit wanneer hy soek na 'n basisteorie vir gemeentebou. Hy sien 'n basisteorie as 'n 'teologiese teorie wat bibliologies-dogmaties die normatief-etiese fundering van die wese en die doel van die kerk weergee' (Hendriks 1992:38). Ook wanneer hy 'n prakties teologiese basisteorie vir die bedieninge in die gemeente wil formuleer, is sy studie sterk bibliologies georieënteerd (Hendriks 1990:20). Wanneer Venter na 'n basisteorie van die prediking vra, word sy basisteorie ook vanuit die Skrif (normatief) gehaal (Venter 1992:1). Soos reeds aangetoon, is hierdie proses ook 'n relasioneel bepaalde proses. Die teoloog is hier deel van die subjek-objek ellips, op weg na waarheid.

## 5. PRAKTYKTEORIE

Elke handeling in die praktyk het 'n teorie as basis (Dreyer 1992:1). Hierdie teorie kan bewustelik en onbewustelik wees en ook ryklik gestratifiseer. 'Die teorie staan bewus of onbewus in die gang van die geskiedenis en is 'n verlengstuk van die geskiedenis' (Heyns & Pieterse 1990:30).

Praktykteorieë is teorieë wat reeds in die praktyk funksioneer of vir die praktyk bedoel is (Heyns & Pieterse 1990:23). Dit is die taak van die Praktiese Teologie om vas te stel watter teorieë ten grondslag aan die praktyk lê en na te gaan of dit doeltreffend is (Heyns & Pieterse 1990:24). Nuwe praktykteorieë word ontwerp indien 'n bestaande een nie bevredigend is nie of bestaandes word aangepas.

Volgens Heyns (in Heyns & Pieterse 1990:28) kan teoretici op twee maniere by teorieë uitkom: naamlik op deduktiewe of induktiewe wyse. Die wyse van teorievorming word bepaal deur die tersake stof self. As 'n reël geld die volgende — 'Deduktiewe denke funksioneer waar die resultate van ander teologiese dissiplines in die proses van teorievorming in ag geneem word. Induktiewe denke funksioneer waar empiriese ondersoeke gedoen word en nuwe teorieë op grond daarvan geformuleer word' (Heyns & Pieterse 1990:29). Albei bogenoemde metodes is geldig en sal mekaar afwissel na gelang van omstandighede.

Die doeltreffendheidstoets om te bepaal of 'n teorie gemodifiseer of vervang moet word, is egter baie eensydig en te opsigtelik subjektief. Daar kan maklik in 'n relativisme verval word. Daar sal altyd bewustelik 'n oog moet wees vir die normatiewe, al is dit dan soos reeds aangetoon, paradigmaties gekleur. 'Uiteraard kan hierdie teorieë vanuit ander dissiplines nie klakkeloos oorgeneem word nie, maar sal ter wille van die behoud van die teologiese karakter van die Praktiese Teologie telkens gevra moet word na die teologiese bruikbaarheid van sodanige teorieë' (Dreyer 1992:1).

Praktykteorieë kan op een van twee maniere funksioneer. Enersyds kan dit gewoon die bestaande praktyk beskryf en in 'n teoretiese raamwerk plaas (deskriptiewe funksie) of andersyds kan dit preskriptief wees in die vorming van 'n nuwe praktyk. Dit is egter noodsaaklik dat teorieë, al kan hulle onbewustelik wees, tog gepresipiteer moet word, omdat ''n onbewuste teorie 'n nie-kontroleerbare teorie word' (Heyns & Pieterse 1990:31).

Praktykteorieë is ooglopend uitgelewer aan vele invloede op meta-vlak. Hendriks (1992:91) wys daarop dat die sosiale omstandighede meespreek wanneer hy 'n praktykteorie voorstel.

## 6. EPISTEMOLOGIE

Veel is reeds gesê oor die relasionaliteit van wetenskapsbeoefening. Wanneer daar gevra word na die aard en omvang van die verkryging van kennis, kan ons dit nie as leë velle papier vra nie. 'By the time any philosopher comes to reflect on the problem of what human beings can be said to know he has already acquired a reasonably formidable education and some degree of sophistication' (Ackermann 1965:1). Hoe kennis verkry word is dus 'n filosofiese eerder as 'n empiriese aangeleentheid.

Kenteoretiese momente wat deur die eeue hulle opwagting gemaak het, was onder andere die Grieke wat geglo het dat die rede die toegang tot kennis was. Dan was daar ook die rasionalisme en die empirisme. Ackermann stel dat '(i)f scientific knowledge is to be plausibly justified, it is apparent that neither rationalism nor empiricism as they have been characterized so far; can accomplish the task' (Ackermann 1965:217).

Ook in die teologie en veral die Praktiese Teologie was die aanspraak op 'n empiriese metodologie baie sterk. Gerd Otto veral wou die Praktiese Teologie as empiriese wetenskap vestig (Dreyer 1991:600). Hier is die normatief-deduktiewe inslag totaal afgewys en is slegs dit wat verifieerbaar is, as ware wetenskaplike resultate aanvaar.

Volgens Velthuysen moet die begrip 'relasionele waarheid' as 'n epistemologiese begrip waardeer word (Velthuysen 1985:109). Dit is veral belangrik, omdat die mens wat in die 'objek-subjek ellips' van die relasionele waarheidsbegrip ter sprake is, soos reeds aangetoon, 'n paradigma ten grondslag van sy wetenskaplike arbeid het. Hierdie standpunt verskil totaal van die van die positivisme, wat 'ware kennis op die een of ander vorm van sintuiglike ervaring wou baseer' (Van Huyssteen 1986:16). Velthuysen sien die waarheidsgebeure as 'n relasie. 'Om dit vir onsself kenbaar te maak, gee ons aan die waarheid wat ons tegemoet tree en aanspreek, gestalte deur ons begrip en ons woorde en beelde' (Velthuysen 1985:109). Kenteoreties is die verandering vanaf die positivistiese standpunt dat iets 'an zich', objektief kenbaar is of andersyds, dat iets net subjektief kenbaar en bestudeerbaar is, na die standpunt dat iets net in relasie kenbaar is (*GKN* 1881:13),'n bevrydende verandering. Die teologie en ook die Praktiese Teologie moes juis vir baie lank deurloop onder die aanklag dat dit nie 'n wetenskap is nie, vanweë die feit dat dit nie empiries verifieerbaar is nie.

## 7. TEOLOGIE

Soos reeds aangetoon, is die teologie en dan ook die Praktiese Teologie 'n wetenskap *sui generis*. Die eie aard van die teologie is juis daarin geleë dat daar met die normatiewe van die Skrif rekening gehou word. Wat wetenskaplikes as teologie beskou, het 'n groot invloed op hulle hantering van die teologiese dissipline waarmee hulle besig is.

Om 'n definisie van teologie te gee is 'n groot taak. Die term teologie is gelade en die betekenis moontlikhede divers. '"Theology" is, then, an indeterminate, overworked word. Again and again we have to ask what a writer means when he speaks of "theology"' (König 1982:12).

Daarom is dit duidelik dat daar tog 'n keuse gemaak moet word. König se definisie wat hy verder omskryf, lui as volg. 'Theology is, then the study of the

revelation of God' (König 1982:15). God alleen is nie die enigste objek van die teologie nie maar sy hele openbaring. Volgens König is die teologie teoreties-wetenskaplik met die openbaring van God besig.

'n Bekende definisie in die Praktiese Teologie is juis te vind by Firet wanneer hy soos König nie net die kennis in verband met God as die taak van die teologie sien nie maar ook kennis oor die kenproses.

> Theologie is niet maar de wetenschap van de kennis van God, zij is ook de wetenschap van het kennen van God, van dat wat gebeurt tussen God en mens, tussen mens en mens met het oog op en in verband met het leren kennen en kennen van God. (Firet 1974:16)

Indien die normatiewe waarde van die Teologie egter behoue moet bly, word volstaan met die volgende basisteorie vir die teologie: 'Teologie is die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se geloofsuitsprake oor God, gemeet aan die aanspraak van God op die mense soos dit betuig word in die Skrif' (Dreyer 1991:602).

## 8. PRAKTIESE TEOLOGIE

Sedert 1774 toe Praktiese Teologie die eerste keer as deel van die teologiese studie as geheel aangebied is (Wolfaardt 1978:268; Dreyer 1991:597) en ook as universiteitsvak in Wenen aangebied is, was daar talle definisies van Praktiese Teologie, verskeie name vir die vak gebruik en deurentyd het die vak in 'n krisis gestaan (Barnard 1981:31-52). Hierdie krisis was enersyds die vraag of die Praktiese Teologie kan aanspraak maak op erkenning as wetenskap en andersyds, die vraag of dit werklik 'n legitieme teologiese dissipline is.

Die meer onlangse geskiedenis van die Praktiese Teologie is gekenmerk deur die pendulum wat telkens deurswaai vanaf die eksklusief deduktiewe wetenskap tot by die eksklusief empiriese wetenskap. Die werk van mense soos Zerfass het gepoog om 'n interaktiewe balans te skep tussen hierdie twee pole. Ten grondslag van die spanning tussen die teorie en praxis, as primaat van wetenskaplike ondersoek in die Praktiese Teologie, lê myns insiens die siening dat dit die een of die ander moet wees.

'Praktiese Teologie gaan nie metodologies uit van of die Skrif of die mens nie maar vanuit die lewende interaksie, beweging en gebeurlikheid van Woord-mens' (Louw 1981:12). Hierdie dinamiek is volgens Louw die verbond.

'n Basisteorie van die Praktiese Teologie sluit reeds die meta-teoretiese keuse wat gemaak is, in. So word die kommunikatiewe handelinge reeds in die definisie van Pieterse aangetref. 'Ons omskryf die Praktiese Teologie as die teologiese teorie

omtrent kommunikatiewe handelingsisteme wat die koms van God in sy Woord tot die mens in sy wêreld intermediërend dien' (in Heyns en Pieterse 1990:54).

Ook by Dreyer (1991:605) kan gesien word hoedat sy basisteorie vir die Praktiese Teologie gevorm word deur sy keuse op meta-vlak vir die Skrif as norm in die wetenskaplike proses.

Die Praktiese Teologie is as teologiese dissipline 'n wetenskap met 'n eie aard en soos reeds aangetoon, opereer dit as teologiese dissipline in die dampkring van God se openbaring. Die Praktiese Teologie het meer as net kommunikatiewe handelinge as objek van studie. Louw formuleer dit treffend wanneer hy die vier take van die Praktiese Teologie soos volg stel:

> Dit is vanuit hierdie verbondsmatige ontmoeting dat die Praktiese Teologie *diakonies* besig is in die wêreld; dat dit *krities* omgaan met die tradisie; dat dit *empiries-fenomenologies* besig is met die gestalte van die kerk in die wêreld; dat dit *eskatologies* in beplanning, ordening en organisasie gerig is op die koms van die Ryk van God. (Louw 1981:14)

Hiermee wys Louw die druk wat daar op die Praktiese Teologie is om net te konsentreer op die handelinge wat op maatskaplike en politieke vlak afspeel, af.

Uit hierdie gegewens sou 'n basisteorie vir die Praktiese Teologie soos volg kan lui: *Praktiese teologie bestudeer die kommunikatiewe gebeure tussen God en mens, en mens en mens, vanuit die realiteit van die koms van God deur sy woord in die wêreld met die oog op die eskatologiese perspektief van die komende ryk van God in die wêreld.*

Hierdie basisteorie maak nie byvoorbaat 'n keuse vir een of meer meta-teoretiese koppelings nie. Dit laat ook die weg oop vir sowel deduktiewe as induktiewe arbeid. Dit beteken nie dat daar nie op meta-teoretiese vlak raakpunte sal wees nie. Die meta-teoretiese raakpunte sal egter afhang van die stof wat ondersoek word en die basisteorie wat ontwerp word (deduktief). Dit laat ook die ruimte dat daar induktief 'n meta-teoretiese standpuntinname kan wees wat vanuit die Skrif gekorrigeer kan word. Hieruit kan basisteorieë dan opgestel word.

## 9. METODOLOGIESE MODELLE

'n Goeie en verantwoorde metodologie is uiters noodsaaklik in die Praktiese Teologie aangesien navorsers daarsonder nie hulle weg sal vind nie, of as gevolg van 'n onduidelike metodologie onwetend in slaggate sal beland (Dreyer 1991:607).

'Metodologiese modelle is modelle van 'n metode of werkswyse om die verkeer tussen teorie en praxis te vergemaklik en te bevorder' (Heyns & Pieterse 1990:38). Navorsers sal sonder hierdie metodologie en teorievorming lukraak te werk gaan, sy resultate sal moeilik kontroleerbaar wees en hulle sal weinig aanspraak hê op wetenskaplike resultate.

Elke situasie verskil van die volgende of die vorige, maar as die metodologie en veral die teorievorming duidelik uitgespel word, sal dit die praktiese teoloog leer 'hoe hij een situatie kan analyseren of tenminste hoe hij een nieuwe situatie kan ordenen om er enig over en inzicht in te krijgen' (Firet 1974:22).

Om die vloei van inligting en die interaksie tussen die verskillende dele van die wetenskaplike proses binne die Praktiese Teologie te laat vlot en hanteerbaar te maak word daar modelle geskep. Van hierdie modelle is die een van Zerfass wat die interaksie tussen die teorie en praxis beskryf, seker een van die bekendstes (Zerfass 1974:166).

Om dus die vraag na die invloed van meta-teorieë op die vorming van basisteorieë te beantwoord is dit ook nodig dat ons die plek van basisteorieë en meta-teorieë met behulp van 'n model sal beskryf.


Hierdie model word aangebied onder die opskrif gevolgtrekking. Hier word geensins gepretendeer dat dit die enigste manier is waarop die interaksie tussen bogenoemde twee teorieë verstaan kan word nie. Dit is hoogstens 'n poging om in die wisselwerking wat daar tussen die teorie en praxis bestaan, 'n weg te soek na die verstaan van die komplekse interaksie tussen basisteorieë, meta-teorieë, praktykteorieë en die praxis. Daar sal ook gepoog word om hierdie prosesmatige interaksie te struktureer en sodoende 'n weg te soek waarlangs navorsers bewus kan wees van hulle eie relasionele besigwees met die vak, en sodoende bewustelik die interaksie te kan kontroleer en beheer.

## 10. GEVOLGTREKKING

Soos reeds aangetoon, lê meta-teorieë en paradigmas op dieselfde vlak. Dit vorm die matriks van waaruit en waarin die praktiese teoloog dink. Hierdie twee dinge is op meta-vlak byna soos ligfilters waardeur die Skrif in ons situasie spreek. Hierdie filters is dan ook bepalend vir die saamstel van enige basisteorie. Op meta-vlak moet die invloed van meta-teorieë en paradigmas op die praktyk ook besef word. Dit beteken dat selfs die praktyk reeds deur die invloede op meta-vlak medebepalend is. Selfs die resultate van 'n empiriese ondersoek na die praktyk gaan dus 'n beeld vertoon wat grootliks 'n uitvloeisel van hierdie meta-invloede is.

Die normatief-kritiese funksie van die Skrif kan dus nie net by 'n voorlopige praktykteorie ter sprake kom nie, maar moet deel van die hele proses wees. Die praktiese teoloog sal voortdurend, normatief moet vra na die geldigheid van die aanvaarde meta-teorie(ë). Die praktiese teoloog sal ook sekerheid moet kry of dit die enigste meta-teoretiese koppeling is. Laastens sal die praktiese teoloog ook die invloed wat 'n bestaande basisteorie op die meta-teoretiese keuse uitgeoefen het moet bepaal en vasstel in watter mate hierdie wisselwerking reeds neerslag gevind het in die praktyk. Eers wanneer hierdie interaksie in die praktiese teoloog se arbeid bewustelik verdiskonteer is sal 'n legitieme nuwe praktykteorie tot 'n nuwe praxis kan lei.

Modelgewys kan dit as volg voorgestel word:




Hierdie model is slegs 'n uitbreiding van dié van Dreyer (1991:607). Dreyer sê tereg dat die proses waardeur die Skrif as normatiewe ingreep in die proses moet funksioneer, 'gekompliseerd' is. Dreyer is reg wanneer hy sê dat die hulp van die Bybelwetenskap in hierdie proses ingeroep moet word. Omdat ons dan hoofsaaklik deduktief te werk sal gaan, sal al die ander teologiese dissiplines onafwendbaar ook by die proses betrek moet word (Heyns & Pieterse 1990:28).

Hierdie model is 'n poging om die invloed van verskillende paradigmas en metateorieë op mekaar aan te dui. 'n Meta-teoretiese keuse of koppeling is dus reeds 'n paradigma-erkenning of verskuiwing. Paradigmas ontstaan ook nie vanuit die niet nie, daarom die aanduiding dat die situasie en die meta-vlak wedersyds op mekaar inwerk. Die model wil ook die wedersydse invloed wat die meta-vlak en die teologiese teorieë op mekaar het, uitbeeld. Selfs teologiese teorieë kry nie in afsondering hulle beslag nie; dit is dus ook noodsaaklik om die invloed wat die teologiese teorieë op die situasie en andersom uitoefen in hierdie model te verdiskonteer. Die relasionele proses waarbinne die werk van die praktiese teoloog gestalte kry is duidelik in hierdie model sigbaar. Dit is in hierdie dampkring van relasionaliteit dat die voorlopige praktykteorie vanuit die Skrif normatief beoordeel word en sodoende lei tot 'n nuwe praxis.

Bostaande model het in vele opsigte gebreke omdat hier sprake is van 'n *prosesmatige interaksie*. So 'n interaktiewe proses kan moeilik skematies voorgestel word, aangesien dit op papier stol en sy prosesmatige karakter verloor. 'Modelle is ook nie bedoel om tot in die fynste besonderhede toegepas te word nie' (Heyns 1990:61), daarom is 'n model slegs 'n breë denkskema. Die vraag is egter hoe die navorser in hierdie ingewikkelde interaksie seker kan wees en bly dat hy steeds normatief by 'n nuwe praxis gaan uitkom. Addisioneel kan daar ook gevra word of die normatiewe nie gerelativeer word deur hierdie werkwyse nie?

Deur bewus te raak van die wisselwerking tussen meta-teorieë, basisteorieë, praktykteorieë asook die paradigmatiese invloede op hierdie teorieë en ook op die praktyk, tesame met die praktyk se invloed op die vorming van paradigmas, kan die gevaar van relativering vermy word. Die posisie wat die Skrif in hierdie model inneem, dwing die navorser altyd terug na die Skrif. Met die hulp van die ander teologiese dissiplines sal hierdie proses van terugvra na die Skrif altyd verseker dat ook die invloede op metavlak bewustelik korrigeerbaar is vanuit die Skrif. Hierdie model se bedoeling is nie om die navorser van die verantwoordelikheid te ontneem om, in elk geval, gedurende die hele proses telkens terug te vra na die normatiewe beginsels uit die Skrif nie.

Die unieke karakter van die Praktiese Teologie lê dan ook nie meer daarby dat ons ander metodes net op 'n 'prakties teologiese wyse' gebruik nie, maar dat die Praktiese Teologie 'n eie staanplek tussen ander wetenskappe kry, met 'n eie metode. Die Praktiese Teologie sal ook met reg kan aanspraak maak op 'n staanplek in die ry van teologiese vakke omdat dit nie uitgelewer is aan die ander wetenskappe nie, maar altyd die primaat van die Skrif in die wetenskaplike arbeid handhaaf.

Die hipotese dat meta-teorieë wat ongekwalifiseerd aanvaar word, daartoe kan lei dat die Praktiese Teologie se teologiese karakter verlore kan gaan, blyk dus waar te wees. In die teorievorming sal daar baie streng gewaak moet word teen 'n uitsluitlik

induktiewe proses in die keuse van meta-teoretiese koppelings en die samestelling van basisteorieë. Dreyer (1991:605) dui tereg aan dat Pieterse juis deur induktief 'n kommunikasieteorie by die vorming van 'n basisteorie te gebruik, die unieke kommunkatiewe verhouding tussen God en mens nie voldoende verreken nie. Dit sou nie gebeur het, indien daar vanaf die metateoretiese vlak teruggevra was na die Skrif nie.

Hierdie artikel bevat alleen enkele pennestrepe met die oog op die selfverstaan van die proses waarin praktiese teoloë hulleself as navorsers, bevind. Ten slotte is dit belangrik dat alle praktiese teoloë moet weet dat, wat hulle Skrifbeskouing, teoretiese vertrekpunt, geskiedenis of metodiese voorkeur ook is, die proses wat hierbo omlyn is, in hulle navorsing en resultate aanduibaar sal wees.

**Literatuurverwysings**

Ackerman, R 1965. *Theories of knowledge: A critical introduction.* New York: McGraw-Hill.

Barnard, A C 1981. Die historiese ontwikkeling van die Praktiese Teologie, in Nel, M (red), *Die kerk se werk*, 31-52. Pretoria: V en R.

Buitendag, J 1990. Die paradigmas van 'Kerk en wêreld 2000'. *HTS* 46/4, 690-707.

Burger, C W 1991. Praktiese teologie in Suid-Afrika: 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak. Pretoria: *RGN*

Dreyer, P S 1977. *Vroue as predikante.* Pretoria: HAUM.

Dreyer, T F J 1981. Die studieveld van die Praktiese Teologie, in Nel, M (red). *Die kerk se werk*, 1-8. Pretoria: V en R.

——— 1991. Eerste tree in die Praktiese Teologie — waarheen? *HTS* 47/3, 597-608.

——— 1992. Leerteorieë en homiletiese perspektiewe. Referaat gelewer by die Praktiese Teologiese Werksgemeenskap van Suid-Afrika, Januarie 1992 te Potchefstroom.

Firet, J 1977. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden.* Kok: Kampen.

——— 1987. *Spreken als een leerling: Praktisch-teologishe opstellen.* Kok: Kampen.

Geyser, P A 1985. Die relasionele waarheidsbegrip en die Christelike lewe: Die sinodale rapport van die GKN. *HTS* 41/1, 119-129.

Gereformeerde Kerken Nederland 1981. *God met ons: Over de aard van het Schriftgezag.* Tijl-Libertas: Utrecht. (Nummer 113.)

Hendriks, H J 1990. Bediening in en deur die gemeente: 'n Prakties-teologiese basis teorie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5/1, 19-42.

——— 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente: Die beginsels & praktyk van gemeentevernuwing.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Heyns, L M & Pieterse H J C, 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie.* Pretoria: Gnosis.

Heyns, L M 1990. Bediening in die gemeente: Praktykmodelle. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5/1, 61-72.

König, A 1982. Theology, in Eybers I H, König A, Stoop J A (reds), *Introduction to theology*, 1-37. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Louw, D J 1981. Die metodevraagstuk in die Praktiese Teologie, in Nel M (red), *Die kerk se werk*, 9-19. Pretoria: V en R.

Mouton, J 1987. Thomas S Kuhn in Snyman J J & Du Plessis P G W (reds). *Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe*. 57-79. Pretoria: RGN.

Pieterse, H J C 1991a. *Gemeente en prediking*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

——— 1991b. Die wetenskapsteoretiese grondslag van die Praktiese Teologie. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 6/1, 38-51.

Pieterse, H J C 1992. 'n Prakties-Teologiese kommunikasieteorie vir die prediking. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7/1, 17-26.

Rossouw, P J 1990. Bedieninge in verskillende kerklike tradisies met verwysing na spesifieke paradigmas. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5/1, 43-60.

Van Huyssteen, W 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording*. Pretoria: RGN.

Velthuysen, G C 1985. Die betekenis van die relasionele waarheidsbegrip vir die Skrifbeskouing. *HTS* 41, 108-113.

Venter, C H J 1992. Prakties-Teologiese grondslae van die prediking. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7/1, 1-16.

Wolfaard, J A 1978. Practical Theology in Eybers I H, König A, Stoop J A (eds), *Introduction to theology*, 268-284. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Zerfass, R 1974. *Praktische Theologie als Handelungswissensssschaft: Praktische Theologie heute*. München: Kaiser.